Tema: Eerste vrug van die Gees: om God se liefde vir ander mense te gee.

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Sb 1 - 6: 1,2,3
Lied 169:1,2,3
Ps 118 - 2: 1

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Sb 1 - 3: 1,3 (Mel Aurelia)
Votum (ps. 80: 15 - 16)
Seën;
Loflied Sb 2 - 4: 1,2
Geloofsbelydenis: Lees Sb 12 - 2 verse 1,2,3 en sing verse 4 en 5.

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Fokus op die Sesde Gebod en HK Sondag 40
Sing as antwoord op die wet: Lied 334:1,2,3,4
Gebed oudl Anton Styger.

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Galasiërs 2: 19 - 20
Gal. 4: 6 - 7 en 19 - 20
Gal. 5: 13 - 26
Teksverse: Gal. 5: 22
Sing Sb 8 - 3: 1 (kleuters gaan na hulle bediening)
Woordverkondiging;

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed Carina Coetsee
Liefdegawes by die deure
Sing Lied 530: 1,2,3
Seën
Amenlied: Sb 13-1.

Geliefde brs en srs en kinders

Wys skyfie 1
Die verskil tussen 'n perskeboom vol vrugte en 'n doringboom is baie duidelik.
Ek dink nie daar is iemand wat albei die bome ken, wat hulle met mekaar sal verwar nie. Net so duidelik is die verskil tussen 'n lewe met die vrug van die Gees en 'n lewe daarsonder! 'n Mens kan dit baie duidelik sien!

Dit is wat Paulus bedoel as hy in ons teksvers sê : "Maar" die vrug van die Gees" of soos die nuwe vertaling dit stel: "Die vrug van die Gees "daarenteen" is....
Daar is duidelike kontras en duidelik verskil tussen die twee leefwyses.

Wys skyfie 2
In verse 19 – 21 beskryf hy 'n lewe onder leiding van jou sondige natuur met al daar die sondige praktyke waarin 'n mens kan verval, maar daarteenoor, as baie duidelik alternatief beskryf hy in ons teksvers, (Wys skyfie 3) die lewe onder leiding van die Heilige Gees. Die twee lewenswyses is duidelik te onderskei, almal kan dit sien!

Ons Here Jesus het in Matteus 7 gesê dat 'n mens 'n boom aan sy vrugte ken. 'n Goeie boom dra nie slegte vrugte nie en 'n slegte boom nie goeie vrugte nie! Net so ken 'n mens iemand aan sy lewe of haar lewe. En daarom, geliefdes, die belangrike vraag vanmore: Wat sien mense in my en jou lewe? Belangriker nog: watter vrug sien Jesus in my lewe?

Want Hy het immers vir my en jou 'n nuwe lewe gegee! Dit het ons in die vorige preke reeds baie duidelik gemaak. Hy is die Wingerdstok en ons die lote! Ons moet nou vrug dra wat wys dat ons aan Hom behoort! Ons mag nie meer toelaat dat ons sondige begeertes in ons heerskappy voer en ons hulle vrugte laat dra nie! Ons dra nou vrugte wat God verheerlik!

En daarom leer die Here ons vanmore: die eerste vrug van die Gees wat ons moet dra, is om God se liefde vir ander mense te gee!

Ons liefde moet soos groot rooi lieflike ryp perskes sit! Baie duidelik te sien! Duidelik te onderskei van 'n doringboom. Mense moenie daaroor wonder nie, hulle moet dit kan pluk en eet!

Brs en srs, kom ons kyk in die eerste plek na die begrip "vrug van die Gees" en wat dit in hierdie konteks beteken. Dit is duidelik dat die Here drie belangrike waarhede in hierdie begrip openbaar:
1. Vrug dui daarop dat die bron en groeikrag van die vrug op 'n ander plek lê.
2. Vrug dui daarop daar iets nuut, iets anders, iets op sy eie, anders as die boom, na vore kom.

3. Vrug dui op ’n natuurlike proses van groei en ryp word.
In die tweede plek kyk ons dan na die eerste vrug “liefde”. Wat is hierdie eerste vrug wat ons dra?

Kom ons fokus dan nou op die begrip “vrug van die Gees” om te hoor wat die Here ons hiermee leer.
Dit is opvallend dat Paulus die enkelvoudvorm van die woord “vrug” gebruik! Vroeër in die brief het hy gepraat die “werke van die wet” (meervoud) waarmee die lidmate weer hulle eie saligheid wou bewerk. Dit was oor hierdie dwaling waaroor die rusie en stryd in die gemeente gehandel het. In vers 19 praat hy oor die “praktyke” (meervoud) van die sondige natuur. En nou as hy kom by dit wat die Heilige Gees in ons lewe as gelowiges werk, noem hy dit ’n vrug – en nie vrugte nie? Hoekom nie? Dit dui op iets groots!

Kyk, enige menslike poging om selfs een gebod van die wet na te kom om gered te word, sal misluk! Selfs ons sondige natuur kan hom of haar kwalik besig hou met meer as drie of vier van die sondige praktyke wat Paulus noem. Maar God gee ons in Christus ’n volle, omvattende, enkelvoudige, groot vrug van die nuwe lewe wat ons kan dra! Daarom enkelvoud: vrug! Is dit nie ongelooflik nie!!!

Ek het jy kry deur die Gees die volle pakket van die nuwe lewe! Ons kan nie kies watter van hierdie nege voorbeelde van die nuwe lewe wil ons vertoon en watter nie! Dit is een volle pakket van genadewerke wat in my lewe as gelowige gewerk word en ek moet almal van hulle dra!

Br en sr, ek en jy kan nie kies om net bv liefde, vreugde en vriendelikheid te vertoon nie, maar ek wil nie in vrede leef of geduldig wees of nederig wees nie! Ek bluf myself mos maklik om te dink: ek het nou nie ’n geduldige gees in my nie – ek is maar vinnig van geaardheid en daarom kan ek maar ongeduldig wees nie! Nee, Christus het geduld as gawe van die nuwe lewe gegee en ek moet dit vertoon!

Hoe kry ons dit reg? Omdat die begrip “vrug van die Gees” in die eerste plek daarop dui dat die bron en groeikrag van hierdie vrug van die nuwe lewe, buite onsself lê. Dit kom van die boom waaraan ons ingeplant is! Dit kom Christus, die wingerdstok, en dit word in my gewerk deur die Heilige Gees sodat ek dit kan vertoon! Dit is die wonderlike genade van die nuwe lewe! God skenk dit aan ons in Christus en Christus skenk sy Gees om hierdie nuwe lewe in ons te werk! Met Goddelike krag leef ek dan my nuwe lewe!

Ons het dit gelees in Galasiërs 2: 19 en 20: Maar wat my betref, deur die wet is ek vir die wet dood sodat ek vir God kan lewe: ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur

sy lewe vir my af te lê.” In Galasiërs 4: 19 het ons gelees dat Christus in ons gestalte moet kry! Soos die boom lyk, so lyk sy vrugte! Jy ken mos ŉ boom aan sy vrugte!

Br en sr, wat ŉ wonderlike genade van God in Christus en deur die Gees. Dat die volheid van die nuwe lewe in Christus reeds aan my geskenk is, en dat ek dit in sy heerlike volheid kan leef!

Maar die begrip “vrug van die Gees” beteken in die tweede plek ook dat daar iets nuuts, iets anders as die boom self tot stand kom. Die vrug is te onderskei van die boom! Hiermee word verwys van my as gelowige se verantwoordelikheid om hierdie vrug van die nuwe te dra! Ek kan nie maar net bid en “met respek gesê” vra: “Heilige Gees dra asseblief in my hierdie vrugte nie! Ek moet dit soek en najaag en dra! Dit is my verantwoordelikheid as nuwe mens! Ek moet nou begin lyk soos Christus! Sy beeld moet in my lewe gestalte kry!

Geliefdes, julle sal onthou dat ons in die vorige preek uit Gal. 4: 24 – 25 duidelik gehoor het hoe ons ons ou sondige natuur moet bestry en ons deur die Gees moet laat lei! Hoe ons elke dag moet kies om ons lewe deur die Gees te laat beheers, hoe ons Hom moet volg en hoe ons in pas met Hom moet lewe! Dit is my en jou verantwoordelikheid! Sodat ons die heerlike, volle vrug van die nuwe lewe vir God kan vertoon!

In die derde plek leer die Here ons met die begrip “vrug van die Gees” dat hierdie nuwe lewe ook iets is wat natuurlik soos ŉ vrug in my lewe groei en tot volle uiting kom! Daar vind ŉ natuurlike proses plaas! In geloof moet hierdie nuwe lewe met sorg gekoester word soos die tuinier die vrug aan die boom versorg! Tot dat al die vrugte in volle drag kom!

Die vrug moet water kry, dit moet bemesting kry, dit moet beskerm word teen aanvalle van peste en plae, sodat die klein groen vruggie tot ŉ pragtige vrug kan ontwikkel. So ook hierdie nuwe lewe in my! In sommige gevalle is die vruggies nog klein en groen en moet ek dit met volharding en in biddende afhanklikheid van die Heilige Gees versorg!

So moet my kyk na my lewe in Christus en waar ek nog groei nodig het! Dat ek bv my groei in selfbeheersing of getrouheid of nederigheid voed met die Woord van God. Dat ek leer wat sê God oor hierdie aspekte van my lewe, dat ek daaroor bid en dat ek my daarin oefen! Ek moet sorg dat ek die volle drag van die nuwe lewe vertoon!

Paulus sê dit in hf 6: 8 – 9 [8]Wie op die akker van sy sondige natuur saai, sal van die sondige natuur dood en verderf oes. Maar wie op die akker van die Gees saai, sal van die Gees die ewige lewe oes. [9]Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel.

Kom ons saai dan in die liefde!

Dit is die eerste vrug van die Gees wat Paulus hier noem! Hoekom die liefde eerste? Sekerlik omdat hy in vers 14 die liefde as die vervulling van die wet beskryf! Sekerlik omdat Jesus in antwoord op die Skrifgeleerde se vraag die liefde tot God en die liefde

tot ons naaste as die eerste en grootste gebod voorhou! Sekerlik omdat Paulus ook in 1 Kor 13 die liefde as die grootste gawe van God beskryf!

Liefde: nie sommer maar net 'n menslike gevoel van omgee en toegeneentheid nie! Nie maar net soetsappig en oppervlakkig soos die wêreld oor liefde praat nie! Nee, die liefde soos ons dit van God self ontvang het! Daar is baie goeie mense in hierdie lewe wat baie liefdevol optree, maar wat nie die gawe van ware liefde van God ontvang het nie! Wat dit nie in sy ware aard kan leef en betoon nie! Net gelowiges kan!
Wys skyfie 4
Johannes skryf in 1 Joh 4: 7 en verder: [7]Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God. [8]Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde. [9]Híerin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. [10]Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.

Br en sr, wat is liefde? Dit is om iets weg te gee! God het Christus na hierdie aarde toe "weggegee" sodat ons hierdie heerlike nuwe lewe kan hê! Christus het sy lewe "weggegee" sodat ons in Hom – as die ware lewe – in geplant kan word en hierdie lewe kan leef! Christus het die Heilige Gees "weggegee" – Hy het in ons kom woon – sodat ons in sy krag hierdie nuwe lewe kan leef!

Liefde is vrug van die Gees is om waarlik iets vir iemand op te offer! Om iets van jouself weg te gee! Ware liefde is gerig op ander. Die praktyke van die sondige natuur – wan die doringboom – is gerig op selfliefde! Daardie dinge word alles net vir myself gedoen! Uit liefde vir myself!

Daarteenoor is liefde as vrug van die Gees om liefde weg te gee! Om daadwerklik iets tot iemand anders se heil en voordeel te doen! Sonder die self beloning van die wêreld van sg "medemenslikheid" waarmee ek myself beloon.

Nee, dit is totaal onvoorwaardelik! God het hierdie liefde vir haatlike sondaars gegee wat dit nie verdien het nie! Hy het aan mense gegee wat niks vir Hom kon teruggee nie! Maar daarmee het Hy ons lewe vir altyd verander! Net so kan jou onbaatsugtige, onvoorwaardelike liefde wat jy op welke wyse vir iemand weggee, daardie persoon se lewe vir altyd verander! Dit is die liefde as vrug van die Gees!

Kan Jesus, ons Here, en die mense rondom ons hierdie liefde in ons lewe raaksien? Dra ons dit soos 'n heerlike ryp perske wat iemand kan pluk en geniet?
Wys skyfie 5
Dit is wat ons Here Jesus vir ons geskenk het, dit is wat die Heilige Gees in ons werk! Kom ons gee hierdie liefde weg!

Amen